Tema: **Gemaak vir mekaar**
Teks: **Johannes 17**

Wat is die 2/3 goed wat jy die heel meeste gemis het tydens die Grendeltyd? Miskien kan jy gou by jouself daaroor dink…en as jy deel is van ‘n gesin of mense wat saamwoon kan julle gerus hieroor gesels…
Ek het verlede week via w-app ongeveer 40 lidmate dieselfde vraag gevra en die antwoorde was baie interessant:

- Egpaar het gesê: Ons mis om ons huis te beleef as ‘n plek van rus en ontspanning, want dit het nou ons werksplek geword.
- 2 Mense het spesifiek genoem om vry te kan asemhaal…masker dra is nie lekker nie…
- Kind wat huil agter sy maskertjie en sê *“ek wil **my** gesiggie hê”*
- Enkeles het genoem vryetyd/ME time – ek was nooit alleen nie – My tyd gemis
- Goeie wegneem koffie, lekker uiteet, spontaniteit, gevoel van sekuriteit.
- Een persoon genoem om te ry tussen vergaderings – wie het ooit gedink mens gaan dit mis…
- Haarsalon…
- Om jou egte talente uit te leef en nie ingeperk te word in mens-wees nie
- Die feit dat mens nie kan beplan vir vorentoe nie, die virus het nie net die hede beïnvloed nie, dit het die toekoms kom opvreet…

MAAR een iets waarna almal verwys het was die diep gemis van verhoudings en mense…Oud en Jonk, ekstroverte en introverte

- Om my familie te druk en te soen…kinders, kleinkinders, ouers…
- My wynklub vriendinne en ons kuiertjies
- Hartsvriende
- Ons het mense gemis en om die nuwe lewe van ons baba seuntjie wat gebore is mee te kon vier.
- My pa het in die tyd siek geword en om tyd saam met hom te kon spandeer.
- Om sonder versigtigheid met mense te kan omgaan, om natuurlik saam met mense te kan wees.
- Om in groepe saam goed te doen…
- Mense in vlees en bloed, my kinders, vriende, familie, kerk, drukkies, geselsies met genoeg tyd wat daarmee gepaard gaan.
- My kinders se maats wat hulle so lekker laat lag en giggle.
- Saamwees Sondae by die kerk
- Saam kuier om die tafel

Hierdie antwoorde het so diep geresoneer met ‘n persoonlike ervaring, want iewers na ongeveer 5/6 weke het ‘n vriendin my gebel en gesê sy ry by ons plaas verby en het ‘n klomp maskers gekry en sy wil vir ons dit kom aflaai. Op die ou einde het ons onder

die boom gesit en kuier en saam koffie gedrink en toe sy die middag ry was ek **diep bewus van wat dit aan my gedoen het**. Ek was emosioneel ligter, daar was energie en 'n gevoel van openheid. Dit was asof my liggaam op die kontak reageer het. Die ervaring het my diep geraak en ek het baie daaroor gedink…dit het my geneem na Johannes 17.

Ons is gemaak om in verhoudings te leef. Dit is juis waarvoor Jesus vir ons bid. Ons is gemaak om in liefde te leef, om liefde te ontvang en om liefde te kan gee.
Waar kom dit vandaan? Die God wat ons gemaak het is in Godself verhouding. Selfs nog voor God begin skep het was daar die verhouding van die 3 persone van die Godheid: Vader, Seun en Heilige Gees, wat by ons bekend is as die Drie-eenheid/Triniteit. Nog voor alles was God daar en God was verhouding. Ons lees daarvan in die **Genesis** verhaal van God wat skep en die Gees van God oor die waters gesweef het. **Johannes** kom stel Jesus aan ons voor as Woord van God wat reeds van die begin af daar was en in Christus onder ons kom woon het. So reeds van die begin af lees ons van God wat verhouding is in sy wese: Vader, Seun en Heilige Gees.

Nou alhoewel die term Drie-eenheid/ Triniteit nie in die Bybel voorkom nie is dit 'n konsep wat duidelik in die Bybel gevind word en reeds deur die vroeë Kerk as belydenis oor God gevorm en verkondig is. Ek gaan nie vandag 'n teologiese verstaan van die Triniteit probeer verduidelik nie, maar in die groeteboodskap van Jesus volgens Johannes in **Johannes 14-17 sien ons hierdie Trinitariese taal baie duidelik, van die Verhouding en die Eenheid van die Vader en die Seun en die Gees.**

Mense het dit al dikwels die Drie-Eenheid (vreemde som) probeer verduidelik met water (H2O) wat in die vorm van vloeistof, vastestof en gas voorkom. Dit is drie, maar dit is Een

Tog besef ons daar is 'n **stuk misterie aan die Triniteit**. John Wesley het iewers geskryf: *"Bring vir my 'n wurm wat die mens kan begryp en ek wys vir jou 'n mens wat Drie Enige God kan begryp*".

MAAR wat ons wel weet…die Woord sê vir ons God is liefde. God is in sy wese 'n verhouding van liefde tussen Vader, Seun en Heilige Gees. **Van die vroegste kerkvaders het die Griekse woord gebruik PERICHORESE gebruik**, wat die **lewe van die Triniteit/Drie-eenheid beskryf** het. Perichorese kan vertaal word met 'n *heilige dans van perfekte liefde van ewigheid tot in alle ewigheid.*

Die skepping en alles daarin is daarom 'n uitvloeisel/oorvloei van hierdie liefde.
Wanneer **Jesus** vir sy dissipels en vir alle gelowiges wat sou volg (ons) bid hier in **Joh 17** dan bid hy in die **eerste plek dat ons deel sal wees van hierdie gemeenskap van liefde, tussen die Vader, die Seun en die Gees.** Ons as mense word genooi om te deel in die heilige dans van perfekte liefde. Ons is gemaak om te behoort en om lief gehê te word en om in hierdie intimiteit met God Drie-enig te leef en toe te laat dat hierdie liefde ons lewens vorms. **Dit gee aan die mens ons diepste betekenis en grootste vreugde.**

Ons lees ook **ons is geskape na God se beeld** en daarom is ons geskape om in verhouding met God Drie -enig te leef, **maar ook met ander.** Dit is dan ook die **tweede** waarvoor Jesus hier bid in Joh 17. **Nie alleen vir ons eenheid en verhouding met die Drie-enige God nie, maar ook ons eenheid en verhouding en intimiteit met mekaar**.

Sien julle hierdie ineengevlegtheid van Goddelike liefde, waarvoor Jesus vir ons bid. Hoe meer ons in God se liefde leef en deel van sy liefdesdans is, hoe nader leef

ons aan mekaar en in mekaar, sodat ons al meer God in mekaar begin raaksien, en mekaar sien met die liefde wat God ons sien – **dit vriende is die onsigbare snaar en band tussen ons.**

Dalk is dit een van die goed wat die grendeltyd weer vir ons in die wêreld wou kom wys…dat ons almal aan mekaar verbind is deur God se liefde…vriend en vyand, vreemdeling en vertroueling, nab yen oor ver afstande…

So dikwels dink ons oor onsself as individue, los van ander. Gaan ons lewens vir ons oor persoonlike verryking, persoonlike groei, selfs soms ten koste van ander. Ons leef met 'n baie sterk individualistiese kultuur en dit kan selfs toksies raak. Mense sal alles doen vir hulleself – nie eers wat hulle keuses se invloed is op ander of die skepping het nie. Die gevolg is dat mens so maklik afgestomp kan raak vir ander en net vir jouself en jou klein groepie kan begin leef.
Vriende, ons is nie so gemaak nie en miskien meer as ooit tevore het hierdie wêreld pandemie vir ons gewys hoe die mens eintlik verbind is aan mekaar. My keuse het verseker 'n invloed op ander, hoe klein of groot ook al. China-Suid Afrika.

Biskop Tutu skryf op 'n stadium die volgende…*"we think of ourselves far too frequently as just individuals, separated from one another, whereas you are connected and what you do affects the whole world. When you do well, it spreads out, it is for the whole of humanity."*

Ons kan nooit ons self beskou as iemand op 'n eiland nie – elke liewe ding en keuse en handeling, goed of sleg het 'n effek op jou familie, op jou vriende op die gemeenskap. Wanneer ek praat het dit 'n invloed en wanneer ek stilbly wanneer ek moes praat het dit ook 'n invloed. Wanneer ander nood het en swaar kry, kan ek nie onaangeraak bly nie en so kan ons voortgaan….
Daarom bid Jesus dat hierdie snaar van liefde wat bestaan tussen Vader, Seun en Gees en waarin ons genooi word om te deel, ook die snaar sal wees wat ons met mekaar verbind. 'n Liefdes snaar van deursigtigheid, selflose opofferende liefde, deernis, gasvryheid en openheid vir ander, weerloosheid, verskeidenheid, beskikbaarheid.

Ons is geskep met 'n onsigbare band tot ander mense, en wanneer ons lief het word daardie band sigbaar in hierdie wêreld…word God self sigbaar.

Daarom bid Jesus "Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het."

Word stil en dink na oor wat Jesus se gebed in Johannes 17 in hierdie tyd vir jou en my beteken…